

# STAATKUNDIGE STROMINGE IN TRANSVAAL IN DIE JARE 1836—1857.

## 1. DIE TWEE KOERSE VAN DIE GROOT TREK.

Voordat die Voortrekkers die Kaapkolonie verlaat het, het hulle verskillende kommissies uitgestuur om die binnelande te gaan besien, om dan daarna hul koers te bepaal.<sup>1)</sup> Daar was drie rigtings wat in aanmerking kon kom, naamlik die Dorsland, die Westekant van die Drakensberg en die Ooste kant. Die Dorsland was nie geskik nie, en toe het net twee koerse oorgebly, die Weste en die Ooste van Drakensberg, dus die wêreld wat later as die Vrystaat en Transvaal sou bekend staan, en Natal.

Andries Hendrik Potgieter het tot die eerste Voortrekkers behoort. Hy het die Kaapkolonie in 1836 verlaat. Die trekke van Louis Trigardt en Hans van Rensburg was hom vooruit, maar die bedoeling was dat hulle later bymekaar sou kom. Potgieter het sy oë op die wêreld ten weste van die Drakensberg gevestig, en hy wou hom met sy mense daar vestig. Hy het begin om in daardie jaar die grond tussen Vetrivier en Vaalrivier van Makwane te ruil. Hy is nog in dieselfde winter na Trigardt in die Noorde en het hom aan die Zoutpansberge aangetref.

---

<sup>1)</sup> Willem Jurgen Pretorius in sy verhaal, Bird: *Annals of Natal*, I p. 230-231.

Toe hy weer by sy laers terugkom, vind hy dat die Matabelies op die punt was om sy mense aan te val. Hy het hulle egter op 16 Oktober by Vegkop verslaan, en hy het hierby die leiding gehad soos voldoende bewys kan word, en nie Cilliers nie, soos soms beweër word.

Op 2 Desember het Potgieter deur 'n algemene vergadering die eerste Voortrekker regering in die lewe geroep, en sewe persone is as bestuur gekies. Die volgende maand, Januarie 1837, het sy eerste strafekspedisie teen Silkaats en die Matabelies plaasgevind. Die afloop was baie suksesvol. Hierna, in April, het Piet Retief met 'n nuwe Trek uit die Kaapkolonie aangekom en hom by die ander Trekkers op die Vrystaatse Hoëveld gevoeg. Retief wou nie die koers van Potgieter volg nie. Hy wou oor die Drakensberge gaan en in Natal 'n Staat stig. Potgieter wou weer nie daarheen nie. Hy wou aan die weste van die Drakensberge bly en het sy rede daarvoor gehad. Hy het reeds grond van Makwana geruil, en het Silkaats reeds 'n hele ent uit die land verdryf, en hy het al aan 'n tweede strafekspedisie begin dink. Maar Retief wou Natal toe, en hy is deur Maritz gesteun. Na die eerste Matabelieveldtog het daar ongenoege tussen Potgieter en Maritz ontstaan, en dit was die oorsaak dat laasgenoemde nou by Retief gestaan het en sy koers wou volg. Hulle, Retief en Maritz, het altwee meer skoolse geleerdheid gehad as Potgieter en het al dadelik 'n groter aanhang gekry, hoewel die meeste van die eerste Trekkers aan Potgieter se koers gehou het. Hulle het die regerings Raad van Potgieter deur 'n nuwe Raad vervang, waarin Potgieter nie opgeneem is nie. Waarskynlik was die twee koerse, die Transvaalse en die Natalse, die agtergrond van die uitkakeling van Potgieter. Terwyl hy hom vir 'n tweede strafekspedisie teen Silkaats in Transvaal klaargemaak het, het Retief voorbereidings begin tref vir 'n besoek aan Natal. Retief het egter met sy besoek aan Dingaan van hom alleen 'n toesegging gekry dat hy onder sekere voorwaardes grond sou afstaan, terwyl Potgieter se tweede veldtog teen Silkaats goed geslaag het, sodat hy hom uiteindelik oor die Limpopo gedryf het en sy gebied as Voortrekkergebied geannekseer is. Potgieter se mense kon nou rustig die Vaalrivier oortrek en hul in Transvaal vestig.

Retief het met sy mense oor die Drakensberge getrek, nog vóór hy finaal die grond van Dingaan gekry het. Dit is bekend hoe hy op 6 Februarie 1838 in Dingaan se hoofstad vermoor is en hoe daarop die moorde op die Voortrekkers by Bloukrans en Moordspruit gevolg het. Potgieter se weersin teen Natal is hierdeur versterk. Na die moord op Retief het Maritz die leiding van sake in Natal gehad. Uys wou Dingaan gaan aanval en Potgieter se hulp is van die Weste van die Drakensberge ingeroep. Die drama van Italenie is bekend. Potgieter het Natal verlaat en terug gegaan na Transvaal, meer as ooit tevore oortuig dat die heil vir die Trek nie ten Ooste nie maar ten Weste van

die Drakensberge is. Kort voor die slag van Bloedrivier is Potchefstroom deur hom aangelê.

Dit is goed verstaanbaar dat Potgieter aan die Wes-Drakensbergse wêreld geheg was. Die noordelike deel van wat later die Vrystaat genoem is, is deur hom van die inboorlinge geruil, en Transvaal is deur hom van die moordende inboorling hordes skoongemaak en met bloed betaal. Hy het dan ook beskou dat hy en sy mense 'n reg op die land had, en die moeilikhede wat later sou ontstaan, het juis hieruit voortgespruit dat latere inkomelinge met hierdie reg geen rekening gehou het nie en hom wou uitskakel, net soos hy in April 1837 deur Retief uitgeskakel is. Hy was sagsinnig en vredeliewend van aard en het liewer pad gegee as daar twiste gekom het.

Twee maande na die slag van Bloedrivier het Andries Pretorius na Potgieter in Transvaal gegaan om die onenigheid te probeer uit die weg ruim en Potgieter se samewerking met die Natallers te verkry. Hy het slegs gedeeltelik geslaag en die finale samewerking sou eers in Oktober 1840 tot stand kom.

Die gemeenskap van Potgieter is deur 'n Raad bestuur. Weens 'n gebrek aan voldoende gegewens is daar van die werksaamhede van hierdie Raad so goed as niks bekend nie.<sup>2)</sup> Op 11 November 1839 het die Natalse Volksraad besluit om die publiek 'n versoekskrif te laat teken om te vra dat Potgieter hom met Natal moet verenig.<sup>3)</sup> Hierdie verenigingsbeweging het sukses gehad, want op 3 September 1840 was daar in Pietermaritzburg 'n brief van Casper Kruger, die voorsitter van die Potgieter se Raad, en die vader van die laterere president S. J. P. Kruger, waarin die Potchefstromers hulle begeerte uitgespreek het om onder „billyke skikkingen” met Natal te verenig.<sup>4)</sup> Die Natalse Volksraad het hierop Andries Pretorius met 'n deputasie na Potchefstroom gestuur om oor 'n vereniging te onderhandel, en op 16 Oktober is die verenigingsooreenkoms daar geteken.<sup>5)</sup> Hierin is bepaal dat daar van nou af nie meer twee „Maatschappye” onder die Emigrante sou wees nie, maar slegs een. Die twee is nou „in een gesmolten tot nut en voordeel van de geheele volksplanting”, en verder dat die publiek nimmer sal moet toelaat dat daar in hulle grondgebied 'n tweede of 'n ander „Maatschappij” opgerig word, en diegene wat soiets sou wil probeer sal „dadelyk door onze wetten worden te regt gesteld.” Die woord „Maatschappij” was die benaming waarmee die eerste Voortrekkers hul „Republiek” aangedui het. Dit moet by die bestudering van die geskiedenis van die Groot-Trek nooit uit

<sup>2)</sup> Die argief van Potgieter se bestuur het vir die grootste gedeelte verlore geraak. Vermoedelik het dit onder die landdrospapiere van die latere Schoemansdal berus, en met die verlating van die dorp in 1867 soek geraak.

<sup>3)</sup> Volksraadsnotule 11 Sept. 1839, Art. 12.

<sup>4)</sup> Volksraadsnotule 3 Sept. 1840, Art. 5.

<sup>5)</sup> Transv. Argief, Soutter Kolleksie, pakket 2, No. 2.

die oog verloor word nie dat die Voortrekkers in baie gevalle hul eie terminologie moes skep, en dat ons nie ons hedendaagse betekenis daaraan moet heg nie, maar moet vasstel wat hulle onder daardie woorde verstaan het.<sup>6)</sup> Verder is in die ooreenkoms bepaal dat Pietermaritzburg die hoofstad van die „vereenigde Burgerij” sal wees, en dat die Volksraad daar sal sit. Die mense aan die westekant van die Drakensberge, dus Potgieter se mense, sou die reg hê om twaalf lede vir die Volksraad te kies waarvan minstens drie telkens die sittings op Pieter Maritzburg sal moet bywoon. Artikel 3 van die ooreenkoms het 'n belangrike beginsel neergelê, en as dit nie duidelik verstaan word nie, loop mens gevaar om die latere stromings op staatkundig gebied verkeerd te interpreteer. In hierdie Artikel is vasgestel dat „de Wel E. Heer A. W. J. Pretorius als hoofbestierder voor de geheele volkplanting in het Distrikt Natalia en de Wel E. Heer A. H. Potgieter bestierder van het distrikt Potchefstroom” sal wees, terwyl albei „hunnen instruksie by de Volksraad moeten ontvangen.” Pretorius sal dus die bestuur ten Ooste van die Drakensberg voer, en Potgieter ten Weste, maar altwee staan onder die een Volksraad. 'n Mens kry maklik die indruk, veral by die latere Ohrigstadse gebeurtenisse, dat Potgieter van geen Volksraad wou hoor nie, en daar nie onder wou buig nie. Tog is dit nie so nie. Oral waar Potgieter as hoof opgetree het, het hy 'n Raad opgerig, en herhaaldelik tot in die jaar van sy dood toe het hy verklaar dat 'n Volksraad die hoogste gesag moet uitmaak. Dit is heeltemaal te verstaan. Potgieter was 'n verteenwoordiger van die Puriteins Calvinistiese tipe, waartoe die latere president S. J. P. Kruger ook behoort het. Dit is bekend hoe Kruger in sy toesprake meermale die nadruk gelê het op die stem van die Volk wat die koningstem is. Die majestas berus by die Volk wat hieroor aan God verantwoording skuldig is. Soiets as 'n alleenheerskappy, 'n diktatorskap, het met die gees van Potgieter nie ooreengekom nie. Hy was veels te veel deurdronge van die demokratiese gedagte wat deur die kerk met soveel nadruk beklemtoon word in die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens waarin o.a. gesê word dat dit goed is „dat by die bedienaars van die Woord sulke manne as mederegeerders gevoeg word, sodat daardeur uit die Gemeente van God des te meer geweer kan word alle tirannie en heerskappy, wat makliker kan indring wanneer die regering aan een alleen of aan 'n paar toevertrou is.” Potgieter en Pretorius het altwee die noodsaaklikheid besef

<sup>6)</sup> So het hulle bv. 'n distrik of nedersetting 'n „kolonie” genoem. J. H. Malan het in sy „Die Opkoms van 'n Republiek” (1929) glad nie verstaan wat die Voortrekkers met „Maatschappij” bedoel het nie, en het probeer om dit bespotlik te maak. Hierdie boek van Malan ridikuliseer die geskiedenis van Transvaal, en dit is so vol foutiewe voorstellings dat ons dit nie die moeite werd ag om telkens daarop te wys nie, want soiets sou te veel plek ruimte in beslag neem en vir die leser op die duur te vervelig word.

dat daar 'n uitvoerende gesag moet wees, 'n persoon wat moet „bestier” en moet uitvoer wat die Volksraad besluit het. Maar die woord „Staatspresident” was nog nie in hul woordeskat opgeneem nie. Die Trekkers het Piet Retief as hoofbestuurder gewoonweg „Gouverneur” genoem, die naam wat hulle in die Kaapkolonie as die van die hoogste amptenaar geken het.

In die ooreenkoms van 16 Oktober te Potchefstroom word met nadruk bepaal dat Potgieter en Pretorius altwee die offisiële bestuurders sal wees, maar onder die gesag van die Volksraad. Potgieter sou aan die westekant van die Drakensberg in naam en in onderworpenheid van die Volksraad bestuur en daardie liggaam se besluite uitvoer, en Pretorius sou dit aan die oostekant, in Natal doen. Dus een Volksraad met twee Kommandant-generaals wat ook as „bestierders” sou optree. 'n Kommandant was in oorlogstyd wel 'n bevelvoerder, maar in vredestryd moes hy net soos sy ondergeskikte veldkornette orde en reg handhaaf. Hierdie plig het in nog grotere mate op die Hoofkommandant of Kommandant-generaal gerus. Potgieter het homself altyd Hoofkommandant genoem, en ook Pretorius is so genoem tot ongeveer 1840 toe dit deur die benaming „Kommandant-generaal” vervang is. Maar hierdie twee benamings was presies van dieselfde betekenis. Die Hoofkommandant was die hoofbevelvoerder, en die Kommandant-generaal was die generale of algemene bevelvoerder. Dit is dan ook onjuis om te meen dat Potgieter as Hoofkommandant 'n mindere rang sou gehad het as Pretorius as Kommandant-generaal.

Potgieter het met sy bestuur ten Weste van die Drakensberge geen moeilikhede met sy mense gehad nie. Hulle het hom gesteun en hy was hulle hoofleier. Met Pretorius was dit egter anders. In die Natalse Volksraad was elemente wat hom meermale baie teengewerk het.<sup>7)</sup> Soms is dit op 'n kleinlike wyse gedoen. Daar was persone wat naywerig op sy gesag was en mens kry die indruk dat hulle terwille van persoonlike invloed in die Volksraad liever geen uitvoerende gesag wou gehad het. Onder hierdie teenstanders moet die Volksraadsekretaris, J. J. Burger, gereken word, en verder J. N. Boshof, die latere Vrystaatse President, en J. S. Maritz. Hulle het Pretorius op 'n kleinlike wyse teengewerk, en die lees van die Natalse Volksraadsnotule laat in verband hiermee 'n pynlike indruk na. In Maart 1840 het die Volksraad die hele kommandantgeneraalskap afgeskaf, maar op aandrang van Pretorius se offisiere het hulle dit in Mei weer herstel, maar in Oktober 1841 was die teenwerking van so

---

<sup>7)</sup> Vgl. die notule van die Natalse Volksraad, 4 Januarie 1840, Art. 1 en 2; 6 Januarie 1840, Art. 4; 6 Maart 1840, Art. 6 en 7; 18 Mei 1840, Art. 1; 12 Augustus 1840, Art. 14; 17 November 1840, Art. 26; 12 Oktober 1841, Art. 2 en 8; 10 Januarie 1842, Art. 2; 21 Februarie 1842, Art. 2 en 4; 14 Maart 1842, Art. 3; 8 Augustus 1842, Art. 9 en 12; 4 Oktober 1842, Art. 10 en 27; 3 Januarie 1843, Art. 14; 4 September 1844, Art. 6; Soutter Kolleksie, Pakket 4 No. 14.

'n aard dat Pretorius dit die beste geag het om die pos neer te lê. Die Volksraad wou hom alleen handhaaf as hul hom nodig gehad het. In Augustus 1842 het hy finaal bedank. Dit is nodig om dit goed voor oë te hou as mens die latere gebeurtenisse in Transvaal reg wil verstaan. Burger sou na sy verhuising na Ohrigstad in 1845 as sekretaris van die Ohrigstadse Volksraad hierdie Natalse opposisie teen Pretorius voortsit, en nie alleen teen Pretorius nie, maar ook teen Potgieter, terwyl Boshof, later as Vrystaatse President, weer sou probeer om deur ondergrondse agitatie M. W. Pretorius, die seun van A. W. J. Pretorius, ten val te bring.

In Februarie 1841, is Potgieter en Casper Kruger uit Potchefstroom na Pieter Maritzburg en het in die Natalse Volksraad sitting geneem. By hierdie geleentheid is besluit dat Potchefstroom 'n Adjunkraad sou hê, maar dat die besluite daarvan eers deur die Natalse Raad bekragtig moes word. Dit was die voortsetting van die ou Potgieter-Raad. Van die werksaamhede van hierdie Adjunkraad is so goed as niks bekend nie. Daar het geen notule daarvan bewaar gebly nie.

In April 1842 het Smellekamp sy verskyning in Natal gemaak. Hierop moet die aandag nader gevestig word, want dit sou vir die ontwikkeling van die partyskappe van verstrekkende gevolge wees. Hy was vroeër 'n kantoorbediende in Amsterdam by De Vos en Zoon, makelaars in Assuransies. Later het hy 'n klein likeurstokery gehad wat egter nie 'n sukses was nie. Hy het toe na Parys gegaan om sy geluk daar te probeer.<sup>8)</sup> Toe 'n Amsterdamse handelshuis in 1841 'n skip „Brazilië” na die Voortrekkers in Natal gestuur het met die oog op kommersiële en kulturele betrekkinge, is Smellekamp gevra om as koopman saam te gaan. Hy was hieroor „zeer opgewonden” want hy was emosioneel van geaardheid. Aan sy familie het hy voorgegee „van eene zeer aanzienlyke bestemming te hebben verkregen en op weg te zijn om een groot fortuin te maken.” Sy aankoms in Natal het juis in 'n tyd geval toe daar vir die Voortrekkers donker wolke aan die politieke gesigseinder saamgepak het. Die Engelse Goewerneur aan die Kaap was besig om sy voorbereidende stappe vir 'n anneksasie van Natal te neem. Die mense het dan ook die koms van die skip uit die ou Moederland vuriglik verwelkom. Hulle het hierin 'n moontlikheid gesien om met Holland in verbinding te geraak. Smellekamp is deur hulle soos hyself aan sy familie in Amsterdam berig het, „met de grootste onderscheiding, ja vorstelyk” ontvang.<sup>9)</sup> Soiets was vir die emosionele gewese kantore bediende te veel, en dit het hom in die kop geslaan. Hy het die Natallers onder die indruk gebring dat hulle in hierdie tyd van onheilspellende politieke onweer op hulp van

<sup>8)</sup> Uit 'n brief van die Amsterdamse Kommissaris van Politie aan die Minister van Finantiën op 22 September 1842, waarvan 'n afskrif in my besit is.

<sup>9)</sup> Brief van die Kommissaris, voorheen aangehaal.

Holland teen Engeland kon reken. Die Pieter Maritzburgse Volksraad het op 25 April 1842 'n brief aan koning Willem II van Nederland geskryf en „eene provisionele verdrag of overmaking van ons land en volk aan den Koning der Nederlanden” met algemene stemme goed gekeur,<sup>10)</sup> en daarin die wens uitgespreek om „de beskerming van Z.M. den Koning der Nederlanden te bezitten.” Smellekamp het eehandig daaronder geskryf „aangenomen namens Z.M. den Koning der Nederlanden, door mij ondergeteekende J. A. Smellekamp”.<sup>11)</sup> En op 4 Julie 1842 het Andries Pretorius van Kolonel A. J. Cloete geskryf dat hulle Natal reeds aan die Koning van Nederland oorge maak het.<sup>12)</sup> Op 'n maaltyd wat die mense in Pieter Maritzburg aan Smellekamp gegee het, het hulle die gesondheid van Koning Willem II gedrink en in toesprake hulle gehegtheid aan die Oranje-Vors uitgedruk en die hoop uitgespreek om nooit weer onder Engelse gesag te kom nie.<sup>13)</sup>

’n Maand later, 26 Mei, het die eerste daadwerklike botsing met die Britse troepe plaasgevind, met die gevolg dat die Engelse hul gesag in Port Natal gevestig het. Kolonel Cloete wat hierdie werk verrig het, is in Julie na Pieter Maritzburg waar die meerderheid van die Volksraad op 'n minder eervolle wyse gebuig het en die gesag van die Engelse Koningin erken het. Hierdie houding is onverklaarbaar. Miskien moet die oplossing hierin gesoek word dat die Voortrekkers oortuig was dat hulle later deur bemiddeling van Smellekamp uit Holland hulp teen die Engelse sou kry, sodat hulle hierdie oorgawe slegs as iets tydeliks beskou het, totdat die hulp sou opdaag. Die Volksraad het dan ook doodgewoon met sy werksaamhede aangegaan asof daar niks gebeur het nie. Die Potchefstroomers was nie aanwesig toe die Natalse Raad oorgegee het nie, en op 1 en op 25 Oktober 1842, het die Adjunkraad na Pieter Maritzburg geskryf en sy ongenoege te kenne gegee om aan die Pieter Maritzburgse Raad onderworpe te wees.<sup>14)</sup> Die toestand was vir hulle nie duidelik nie, net so min as vir die Natallers, maar daar was genoeg rede om onrustig te voel. Op 4 Augustus 1843 is vyf Potchefstroomers, F. G. Wolmarans, Piet F. Strydom, P. du Preez, H. v. d. Merwe en H. van Staden nog op Pieter Maritzburg as lede van die Volksraad ingesweer.

Die Kaapse Goewerneur het Hendrik Cloete, 'n broer van die

<sup>10)</sup> Notule Art. 1; John Bird: Annals of Natal, vol. II p. 40 en 41.

<sup>11)</sup> J. Stuart: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Z.A. (Amsterdam, 1854), bls. 167 verklaar dat hy op 19 Augustus 1851 die ooreenkoms in hande gehad en gelees het.

<sup>12)</sup> John Bird: Annals of Natal, II, p. 40.

<sup>13)</sup> John Bird: Annals of Natal, II, p. 36.

<sup>14)</sup> Volksraadsnotule, 3 Januarie 1843, Art. 4.

reeds genoemde kolonel Cloete, na Natal gestuur om die besitneming van die hele Voortrekker gebied in Natal te bewerkstellig. Hy het op 5 Junie 1843 in Port Natal aangekom en het 'n paar dae later 'n groot vergadering van Voortrekkers in Pieter Maritzburg tóegespreek. Dit het oproerig toegegaan. Baie se gemoed het met „bitterheid” gevuld geraak toe Cloete hulle duidelik gemaak het dat op geen hulp uit Holland teen Engeland gereken kon word nie, en dat Smellekamp in sy voortvarendheid hulle mislei het.<sup>15)</sup> Die Kaapse Goewerneur het op 10 Mei 1843 'n proklamasie wat op 11 Augustus 1842 vir die inhegtenisneming van J. J. Prinsloo, J. J. Burger, M. van Breda en S. van Breda ingetrek, en nadat Burger op 21 Desember 1843 'n plegtige verklaring van algehele onderwerping aan die Britse gesag gemaak het, hulle 'n algehele pardon geskenk.<sup>16)</sup> Die Volksraad het op 8 Augustus 1843 hom aan die proklamasie van die Kaapse Goewerneur wat die anneksasie van die hele Natal ingehou het, neergelê en 'n dokument tot die effekte onderteken.<sup>17)</sup> Die vyf Potchefstroomers wat, soos reeds gesê is, die vorige dag ingesweer het, nl. F. G. Wolmarans, P. F. Strydom, P. du Preez, H. v. d. Merwe en H. van Stâden, het hierdie dokument van oorgawe nie onderteken nie. Potchefstroom het dus geen deel aan die onderwerping aan die Britse gesag gehad nie. Toe Potgieter na die terugkoms van hierdie vyf manne van hierdie onderwerping hoor, het hy dadelik aan Cloete geskryf dat dit buite die voorkennis van hom en sy mense geskied het en dat hulle dan ook nie daaronder val nie. Hulle wil hul stil en vreedsaam gedra „als vry gebore Burgers, want alle naasies zijn vry en goed waar sy wil; en wij als vrey geboren hoopen ook onafhanklyk en vrey ons eygene saaken te bestieren en zullen tragten om met alle naasies in vrede te leeven en begeeren wat alle vrey te handelen in billikheid.”<sup>18)</sup>

Smellekamp het begin Mei 1843 weer met die Brazilië in Port Natal gekom en het 'n predikant, ds. P. N. Ham, en 'n onderwyser uit Holland vir die Voortrekkers saamgebring, uitgestuur deur vriende in Holland. Die Britse outoriteite wou egter nie toelaat dat Smellekamp aan land sou gaan nie en hy is daarop na Delagoabaai waar hy en ds. Ham agtergebly het, terwyl die skip verder gegaan het na Java maar 'n ramspoedige reis gehad het. Eers is dit deur 'n wind na Mosambiek gedryf, daarop na Madagaskar en eindelik na veel

<sup>15)</sup> Henry Cloete: Vyf voorlezingen (Kaapstad 1856), bls. 102.

<sup>16)</sup> J. Bird: *Annals of Natal*, II, p. 164 en 353. Dr. G. S. Preller het hierdie dokumente blykbaar nooit raakgesien nie, want hy fantaseer op bls. 269-270 van sy *Andries Pretorius* (1937) oor 'n sogenaamde vlug van hierdie persone om nie in hegtenis geneem te word nie. Dit is jammer om te moet sê dat hierdie boek van dr. Preller oor Andries Pretorius van onjuisthede wemel, en dat waarheid en fantasie so deurmekaar gemeng is, dat dit die leser voortdurend allerhande verkeerde voorstellings gee. Die lewe van Andries Pretorius sal opnuut geskryf moet word.

<sup>17)</sup> J. Bird: *Annals of Natal*, II, p. 265.

<sup>18)</sup> Soutter Kolleksie, Pakket 4, No. 19.



ontberings het dit Delagoabaai bereik waar ds. Ham en ook Smellekamp weer aan boord gegaan het, terwyl die skip na Batavië is. By die terugkoms het dit 'n paar weke in Delagoabaai gebly. Maar die lyde was groot. Ds. Ham se vrou en kind is daar oorlede, en ook die grootste deel van die bemanning. Die mense in Natal het nog probeer om in Delagoabaai met Smellekamp in verbinding te kom. J. J. Prinsloo, Gert Rudolph, Cornelis Coetzee en 'n jongman met die naam Bezuidenhout is toe te perd na Delagoabaai waar hulle hom ook ontmoet het.<sup>19)</sup> Hy het hulle die raad gegee om hulle ten Noorde van die sesen-twintigste S. Breedtegraad te vestig, want dan sou hulle in elk geval buite Engelse jurisdiksie wees, en dan kon ook makliker oor Delagoabaai handel gedryf word. Hy het hulle ook gesê dat Holland hul geen steun teen Engeland kon bied nie, waarmee hul hoop om onder beskerming van koning Willem II te kom, verdwyn het. Hierdie vier persone het op hulle Delagoabaaise reis malariakieme opgedoen, en Prinsloo is tengevolge daarvan reeds veertien dae na sy tuiskoms oorlede, terwyl Coetzee sy huis nie eers bereik het nie, maar voor die tyd dood is. Bezuidenhout het ook siek geword, maar weer herstel. Gert Rudolph het vrygespring, maar nie sonder dat sy gesondheid 'n knak gekry het nie. Ook het al hul perde gevrek.

Potgieter het ook gehoor dat Smellekamp in Delagoabaai was, en is toe in Desember 1843 daarheen.<sup>20)</sup> Smellekamp het hom dieselfde as aan Prinsloo gesê, en hom ook op die wenslikheid gewys om hom nader aan Delagoabaai te vestig, en hom beloop om hul belange, kerklik sowel as andersins, in Holland te behartig.

Potgieter en sy mense het as gevolg hiervan in die jaar 1844 besluit om hul sentrum van Potchefstroom in die rigting van Delagoabaai te verskuif. Dit was egter nodig om eers die landsbestuur op vaste voet te stel, want omdat die mense in Natal die Britse gesag erken het, was hulle eie bestuursake taamlik onseker. Daar is met die oog hierop in April 1844 'n byeenkomste op Potchefstroom gehou, en toe is die ou Burgerraad wat voor die ooreenkoms met die Natallers op 16 Oktober 1840 bestaan het, weer in die lewe geroep. Verder is op 10 April 'n verklaring uitgereik dat die Potchefstroomers die ooreenkoms van die Natalse Volksraad met Cloete nie erken nie, en dat hulle ook nie geneë was om met die Engelse regering enige onderhandelinge aan te gaan nie. Hulle beskou hul „vry en onafhanklik,” en sal met hul eie bestuur voortgaan, en hoop om van niemand gehinder te word nie. Hulle gesag sal strek „tot aan de wal van Grootrivier”, en sou dus Transvaal en Vrystaat omvat, die hele Voortrekkergebied ten

---

<sup>19)</sup> John Bird: *Annals of Natal*, II, p. 364.

<sup>20)</sup> J. J. T. Botelho: *Historia Militar e Politica dos Portugueses em Moçambique*, II (Lisboa, 1936) p. 310-311.

Weste van Drakensburg. Ook het hul 'n soort „Grondwet” opgestel wat as die Drie-en-Dertig Artikelen bekend gestaan het, en wat behoudens enkel latere wysigings gedurende die hele bestaan van die Zuid-Afrikaansche Republiek van krag was, en wat op 27 November 1901 deur lord Milner deur 'n proklamasie buite werking gestel is.<sup>21)</sup>

S. P. ENGELBRECHT.

---